IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELING)

DATUM: 22 FEBRUARIE 2007

SAAKNOMMER: A90/2007

In die saak tussen:

ISMAIL LUTHULI Applikant

en

STAAT Respondent

---

UITSPRAAK

(APPÈL TEEN WEIERING VAN BORGTOG)

---

MOOSA, R:

Die appellant kom nou in hoër beroep teen die weiering van borgtog in die landdroshof te Prins Albert. Die hof benede het na die aanhoor van die getuienis deur die appellant en die ondersoekbeampte bevind dat dit nie in die belang van geregtigheid is dat die appellant op borgtog vrygelaat word nie.

Die appellant is aangekla op een aanklag van gewapende roof en een aanklag van diefstal van 'n voertuig. Altwee is baie ernstige aanklagtes. Die voorval spruit uit die roof van pensioengelde ter waarde van meer as 'n R1 miljoen wat op 2

ave /...

Augustus 2005 plaasgevind het in die plaaslike gebied van Prins Albert.

Dit is gemene saak dat die roofaanklag 'n Bylae 6 misdryf uitmaak en die bepalings van artikel 60(11)(a) van die Strafproseswet, wet 51 van 1977, van toepassing is in 'n borgaansoek.

Die bewyslas is dus op die appellant om op 'n oorwig van waarskynlikhede te bewys dat buitengewone omstandighede aanwesig is wat sy vrylating op borgtog in die belang van geregtigheid veroorloof.

Artikel 65(4) van die Strafproseswet bepaal dat 'n Regter wat die borgappèl aanhoor kan nie die beslissing van 'n laerhof ten opsigte van die weiering van borgtog tersyde stel nie tensy die Regter oortuig is dat die beslissing wel verkeerd is.

In sy uitspraak het die landdros na, my mening, die getuienis deeglik geëvalueer. Hy het die persoonlike omstandighede van die appellant oorweeg; sy alibi; die gronde waarop hy steun; sy beweerde betrokkenheid by misdrywe; die sterkte van die huidige saak teen hom; moontlike intimidasie en of inmenging met getuies; die gemeenskapsbelange en die aard en erns van die misdrywe.

In die lig daarvan het die landdros tot die gevolgtrekking gekom dat die appellant nie op die oorwig van waarskynlikhede bewys het dat daar buitengewone omstandighede bestaan wat sy vrylating op borg in die belang van geregtigheid regverdig nie.

In die lig van die getuienis as 'n geheel, kan ek nie daardie bevinding in twyfel trek of fout daarmee bevind nie. Myns insiens was daar geen mistasting deur die landdros begaan nie. In die omstandighede is daar geen rede vir hierdie Hof om in te meng met die uitoefening van die regtelike diskresie van die landdros om borgtog te weier nie.

Bygevolg word die appèl van die hand gewys en die beslissing van die landdros word bekragtig.

MOOSA, R